

CHRISTELIKE LEKTUURFONDS



OOK JY KAN 'N LEWE RED!

'n Skriba staan in die poskantoor en wag vir sy CLF-bestelling. Sy selfoon lui en aan die ander kant is dit 'n vrouelidmaat op soek na 'n gewillige oor ... Hy ry na haar toe en na 'n goeie hartsessie en gebed, keer hy terug huistoe waar hy sy CLF-pakkie oopmaak. Binne in vind hy 'n kopie van die pragtige boekie, *God hou jou in sy hand* vas om dankie te sê vir sy ondersteuning van CLF. Hy hoor duidelik dat hy hierdie boekie dadelik aan die vrouelidmaat moet gaan gee, van wie hy pas teruggekeer het. Die volgende oggend ontvang hy 'n oproep van die vrou. "Dankie. Dankie dat jy met dié gebaar my lewe gered het." Sy was, ten spyte van hul gesprek, so moedeloos dat sy van plan was om haar eie lewe te neem, tot sy die boekie lees dat God haar in sy hand vashou!



Jy kan ook dié een wees wat God wil gebruik om die antwoord op 'n moedelse en stukkende mens se gebede te wees. Jou omgee hoef egter nie jou sak te ruk nie. God hou jou in sy hand kos slegs R25 elk, posgeld uitgesluit. Die 40-dae reisgids, *Jy is goed genoeg* is nou beskikbaar vir slegs R10 elk en saam met die pragtige pamflette van CLF, wat gratis beskikbaar is en ook gratis binne ons landsgrense versend word, is dit dalk al wat iemand wat hooploos voel, nodig het om weer Jesus se

liefde opnuut te ontdek en te ervaar.

NASIONALE TESTAMENTE WEEK 11 - 15 SEPTEMBER 2017

As jy vandag tot sterwe kom, is jou testament in orde? As jy sterf sonder om 'n geldige testament, sal jou bates volgens die bepalings van die Intestate Erfopvolgingwet verdeel word. Die bepalings van hierdie Wet is oor die algemeen billik en verseker dat jou besittings aan jou gade en kinders oorgedra word. MAAR, die volgende probleme kan ontstaan as jy sterf sonder 'n testament:

- Jou bates mag moontlik nie aan die persoon van jou keuse gegee word nie.
- Dit kan lank neem om 'n eksekuteur aan te stel. Die eksekuteur wat aangestel word, kan iemand wees wat u self nie gekies het nie.
- Daar kan ekstra en onnodige koste wees.
- Daar kan ongelukkigheid en konflik tussen lede van jou familie wees omdat daar geen duidelike instruksies is oor hoe om jou bates te verdeel nie.

Testamente-week bied jou die geleentheid om kosteloos 'n basiese testament deur 'n deelnemende prokureur te laat opstel. Onthou net om vooraf en vroegtydig 'n afspraak te maak, anders kan u hierdie geleentheid misloop. Vir meer inligting rakende testamente-week, sowel as om te sien watter prokureurs in jou area vir hierdie inisiatief geregistreer is, besoek *Law Society of South Africa* se blad by <http://www.lssa.org.za/our-initiatives/advocacy/national-wills-week>

Nog meer belangrik is om na te dink aan jou voetspore wat jy nalaat hier op aarde. Spore wat jou geliefdes en ander kan volg tot voor die troon van God. Christelike Lektuurfonds bring reeds vir meer as 60 jaar die Boodskap van God se liefde, hoop en verlossing aan almal, deur gratis en bekostigbare lektuur. Oorweeg 'n geskenk wat ons help om voort te gaan om harte met God se liefde aan te raak.

Skakel gerus vir Hedwig Moore by CLF, 021 864 3707, of e-pos aan hedwig@clf.co.za indien jy meer inligting verlang.



CLF (Christelike Lektuurfonds) het besluit om die hawelose mense van Wellington te seën met spesiale slaapsakke, wat nie net skuiling teen koue en nat winterweer, maar ook 'n boodskap van hoop vir 'n moeë hart bied.

Hierdie spesiale slaapsakke, gemaak van koerantpapier en herwinde plastieksakke, word deur Harold Abrahams van Bellville gemaak en hy gebruik ook CLF se kleurvolle pamflette om 'n Bybelse boodskap van God se liefde en aanvaarding op elke slaapsak te plaas.

Ons daag hiermee ander geloofsgemeenskappe uit om die hawelose mense in hul eie area met hierdie slaapsakke te seën en daarmee God se liefde in 'n praktiese manier te toon. Diegene wat in Kaapstad en omgewing bly, kan gerus van die slaapsakke @R20 per slaapsak by Harold Abrahams, 071 599 2659, bestel of klik op skakel, www.youtube.com/watch?v=OqNLayGmC1U vir instruksies om as gemeenteprojek jul eie slaapsakke te maak.

Skakel gerus CLF se kantore by 021 873 6964 om gratis pamflette te bestel as julle self slaapsakke wil maak met 'n boodskap van hoop.